SÊ JOU SÊ!

# AANSOEK OM LISENSIE VIR GEÏNTEGREERDE WATERGEBRUIK VIR ATLANTIS-WATERDRAER

As deel van die ontwikkeling en opgradering van sy Atlantis-waterhulpbronbestuurskema (AWRMS), stel die Stad Kaapstad voor dat aansoek by die nasionale Departement van Water en Sanitasie (DWS) gedoen word om 'n lisensie vir geïntegreerde watergebruik vir grondwateronttrekking en bestuurde waterdraerhervulling (MAR) van die Atlantis-waterdraer.

Die Stad het 'n bestaande grondwaterregistrasie by die DWS (registrasiesertifikaatnommer 22060804) vir die onttrekking van 5 miljoen $m^3$/a grondwater per jaar uit die Atlantis-waterdraer en 'n bestaande watergebruiklisensie (lisensienommer 19/G21B/E2789) vir hervulling van die waterdraer en besproeiing van munisipale grasparke met behandelde afvloei (volume: 5 142 095 $m^3$/a per jaar) van die Wesfleur-afvalwaterbehandelingsaanleg, gemagtig vanaf 15 Desember 2014. Hierdie magtiging is tot Desember2034 geldig.

Die nuwe aansoek om 'n lisensie vir geïntegreerde watergebruik sal wees vir die onttrekking van tot 13 miljoen $m^3$/a grondwater per jaar uit die Atlantis-waterdraer; die hervuilling van die waterdraer en besproeiing van grasparke met behandelde afvloei en stormwaterafvloei (volume tot 13 080 000 $m^3$/a per jaar) uit die Wesfleur-afvalwaterbehandelingsaanleg en die dorp Atlantis onderskeidelik; die opgradering en bedryf van 'n bestaande keerwal en pomphuis binne 100 m van Silwerstroom en noodafvoer van behandelde uitvloei en/of stormwater in die Donkergatrivier.

Die AWRMS onttrek grondwater vir munisipale grootmaattoevoer vir huishoudelike, stedelike, kommersiële en kleinskaalse landboutoevoer vir die dorp Atlantis en omliggende gebiede en is al vir meer as 40 jaar in bedryf.

**Ligging**
Die voorgestelde aktiwiteite sal in die dorp Atlantis plaasvind, wat ongeveer +50 km vanaf Kaapstad geleë is.

Om te registreer en kommentaar te lewer, stuur asseblief 'n e-pos na Candice.LasherScheepers@capetown.gov.za of Philani.Msimango@capetown.gov.za, of vul die aanlyn vorm in by www.capetown.gov.za/haveyoursay teen nie later nie as Vrydag 30 September 2022.

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
**CTA103/2022**

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

**Maak vooruitgang moontlik. Tesame.**